Hersonering: Die hersonering van 'n gedeelte Openbare Straat tussen Erwe 9103 en 9093, Uitbreiding 23, Mosselbaai vanaf "Openbare Straat" na "Enkelresidensiële Sone".

*Vervreemding:* Die vervreemding van 'n gedeelte Openbare Straat (Josephsstraat) (groot ± 350 m<sup>2</sup>) tussen Erwe 9103 en 9093, Uitbreiding 23, Mosselbaai teen 'n bedrag van R4 529,00 plus BTW aan Mnr P J Kees eienaar van Erf 9103.

*Konsolidasie:* Die konsolidasie van 'n gedeelte Openbare Straat tussen Erwe 9103 en 9093, Uitbreiding 23, Mosselbaai met Erf 9103.

Die sonering van die gekonsolideerde erf sal "Enkelresidensiell" wees.

E Tyatya, Waarnemende Munisipale Bestuurder

Lêer Verwysing: 1514/23/5 24 Maart 2006

33144

## MUNISIPALITEIT OVERSTRAND

## STANFORD ADMINISTRASIE

VOORGESTELDE ONDERVERDELING VAN ERF 73,  
DU TOITSTRAAT, STANFORD

Kennis geskied hiermee ingevolge die bepalings van artikel 24 van die Grondgebruikbeplannings Ordonnansie, Nr 15 van 1985, dat die raad 'n aansoek ontvang het vir die onderverdeling van Erf 73, Du Toitstraat, Stanford.

Volledige besonderhede lê gedurende gewone kantoorure ter insae in die kantore van die Stanford Administrasie, Queen Victoriastraat, Stanford.

Skriftelike, regsgeldige en gemotiveerde besware/kommentaar, indien enige, teen die voorstel, met die beswaarmaker se eiendomsbeskrywing, adres en telefoonnummer, moet by die ondergetekende ingediend word voor of op Vrydag, 5 Mei 2006.

Kommentaar/besware mag ook na faksnommer (028) 341-0445 gefaks word.

Personne wat nie kan skryf nie, kan die stadsbeplanningsafdeling van die Munisipaliteit Overstrand (Stanford Administrasie) tydens normale kantoorure nader waar 'n personeel lid daardie persoon behulpsaam sal wees deur hul kommentaar/besware op skrif te stel. Laat kommentaar/besware sal nie oorweeg word nie.

J Koekemoer, Munisipale Bestuurder, Munisipale Kantore, Posbus 84, Stanford 7210.

Kennisgewing Nr 1/2006 24 Maart 2006

33145

## OVERSTRAND MUNICIPALITY

## STANFORD ADMINISTRATION

PROPOSED SUBDIVISION OF ERF 73,  
DU TOIT STREET, STANFORD

Notice is hereby given in terms of section 24 of the Land Use Planning Ordinance, No 15 of 1985, that the Council has received an application for subdivision of Erf 73, Du Toit Street, Stanford.

Full particulars lie open for inspection during normal office hours in the offices of the Stanford Administration, Queen Victoria Street, Stanford.

Written, legal and fully motivated objections/comments, if any, against the application with the objector's property description, address and telephone number must be lodged in writing with the undersigned on or before Friday, 5 May 2006.

Comments/objections may also be faxed to fax no. (028) 341-0445.

Persons who cannot write, can approach the town planning division of the Overstrand Municipality (Stanford Administration) during normal office hours, where a staff member will assist such persons to transcribe their comments/objections. Late comments/objections will not be considered.

J Koekemoer, Municipal Manager, Municipal Offices, P.O. Box 84, Stanford 7210.

Notice No 1/2006

24 March 2006

33146

## MUNISIPALITEIT OVERSTRAND

## STANFORD ADMINISTRASIE

VOORGESTELDE ONDERVERDELING VAN ERF 73,  
DU TOITSTRAAT, STANFORD

Kennis geskied hiermee ingevolge die bepalings van artikel 24 van die Grondgebruikbeplannings Ordonnansie, Nr 15 van 1985, dat die raad 'n aansoek ontvang het vir die onderverdeling van Erf 73, Du Toitstraat, Stanford.

Volledige besonderhede lê gedurende gewone kantoorure ter insae in die kantore van die Stanford Administrasie, Queen Victoriastraat, Stanford.

Skriftelike, regsgeldige en gemotiveerde besware/kommentaar, indien enige, teen die voorstel, met die beswaarmaker se eiendomsbeskrywing, adres en telefoonnummer, moet by die ondergetekende ingedien word voor of op Vrydag, 5 Mei 2006.

Kommentaar/besware mag ook na faksnommer (028) 341-0445 gefaks word.

Persone wat nie kan skryf nie, kan die stadsbeplanningsafdeling van die Munisipaliteit Overstrand (Stanford Administrasie) tydens normale kantoorure nader waar 'n personeellid daardie persoon behulpzaam sal wees deur hul kommentaar/besware op skrif te stel. Laat kommentaar/besware sal nie oorweeg word nie.

J Koekemoer, Munisipale Bestuurder, Munisipale Kantore, Posbus 84, Stanford 7210.

Kennisgewing Nr 1/2006

24 Maart 2006

33146

## SALDANHA BAY MUNICIPALITY

APPLICATION FOR SUBDIVISION OF PORTION 35 OF  
THE FARM EENZAAMHEID NO 135, VREDENBURG

Notice is hereby given that Council received an application for:

- i) the subdivision of Portion 35 of the Farm Eenzaamheid No 135, in terms of Section 24(1) of the Land Use Planning Ordinance (No 15 of 1985), in order to allow for 8 small holdings (minimum of 2 ha each).

Details are available at the Municipal Manager's office, opposite the Primary School, 4 School Street, Vredenburg. Weekdays: 08:00-13:00 and 13:30-16:30.

Enquiries: L Gaffley (Tel 022-701 7116).

Objections/comment to the proposal, with relevant reasons, must be lodged in writing, with the Municipal Manager, Private Bag X12, Vredenburg, 7380, before 1 May 2006.

Municipal Manager

24 March 2006

33147

## MUNISIPALITEIT SALDANHABAAI

AANSOEK OM ONDERVERDELING VAN GEDEELTE 35 VAN  
DIE PLAAS EENZAAMHEID NR 135, VREDENBURG

Kennis geskied hiermee dat die Raad 'n aansoek ontvang het vir:

- i) die onderverdeling van Gedeelte 35 van die Plaas Eenzaamheid Nr 135, ingevolge Artikel 24(1) van die Ordonnansie op Grondgebruikbeplanning (Nr 15 van 1985) ten einde 8 kleinhoeves (minimum van 2 ha elk) te skep.

Nadere besonderhede lê ter insae by die Munisipale Bestuurder se kantoor, munisipale gebou oorkant die Laerskool, Skoolstraat 4, Vredenburg. Weeksdae: 08:00-13:00 en 13:30-16:30.

Navrae: L Gaffley (Tel 022-701 7116).

Besware/kommentare ten opsigte van die aansoek, tesame met betrokke redes, moet skriftelik voor 1 Mei 2006 by die Munisipale Bestuurder, Privaatsak X12, Vredenburg, 7380, ingedien word.

Munisipale Bestuurder

24 Maart 2006

33147

<p><b>SALDANHA BAY MUNICIPALITY</b></p> <p><b>REZONING OF ERVEN 2882 AND 2883, 60 AND 62 SALDANHA ROAD, VREDENBURG</b></p> <p>Notice is hereby given that Council received an application for the:</p> <p>(i) rezoning of Erven 2882 and 2883, Vredenburg, in terms of section 17(1) of the Land Use Planning Ordinance (No 15 of 1985), from single residential zone 1 to business zone.</p> <p>Details are available at the Municipal Manager's office, municipal building opposite the Primary School, 4 School Street, Vredenburg. Weekdays: 08:00-13:00 and 13:30-16:30.</p> <p>Enquiries: L Gaffley.</p> <p>Objections/comment to the proposal, with relevant reasons, must be lodged in writing before 1 May 2006, with the Municipal Manager, Private Bag X12, Vredenburg, 7380,</p> <p>Municipal Manager</p> <p>24 March 2006</p>	<p><b>MUNISIPALITEIT SALDANHABAII</b></p> <p><b>HERSONERING VAN ERWE 2882 EN 2883, SALDANHAWEG 60 EN 62, VREDENBURG</b></p> <p>Kennis geskied hiermee dat die Raad 'n aansoek ontvang het vir die:</p> <p>(i) hersonering van Erwe 2882 en 2883, Vredenburg, ingevolge artikel 17(1) van die Ordonnansie op Grondgebruikbeplanning (Nr 15 van 1985), vanaf enkel residensiële sone 1 na besigheidsone.</p> <p>Nadere besonderhede lê ter insae by die Municipale Bestuurder se kantoor, municipale gebou oorkant die Laerskool, Skoolstraat 4, Vredenburg. Weeksdae: 08:00-13:00 en 13:30-16:30.</p> <p>Navrae: L Gaffley.</p> <p>Kommentaar en/of besware met relevante redes, moet skriftelik voor 1 Mei 2006 by die Municipale Bestuurder, Privaatsak X12, Vredenburg, 7380, ingedien word.</p> <p>Municipale Bestuurder</p> <p>24 Maart 2006</p>
<p><b>SALDANHA BAY MUNICIPALITY</b></p> <p><b>APPLICATION FOR REZONING OF PORTION 21 OF THE FARM UITKOMST NO 23, PATERNOSTER</b></p> <p>Notice is hereby given that Council received an application for:</p> <p>i) the rezoning of Portion 21 of the Farm Uitkomst No 23, Paternoster, in terms of Section 17(1) of the Land Use Planning Ordinance (No 15 of 1985), from Resort Zone 1 to General Residential Zone; and</p> <p>ii) a permanent departure in terms of section 17(1) of the Land Use Planning Ordinance (No 15 of 1985), in order to allow for 36 instead of 26 sectional title units.</p> <p>Details are available at the Municipal Manager's office, Municipal Building opposite the Primary School, 4 School Street, Vredenburg. Weekdays: 08:00-13:00 and 13:30-16:30.</p> <p>Enquiries: L Gaffley.</p> <p>Objections/comment to the proposal, with relevant reasons, must be lodged in writing, with the Municipal Manager, Private Bag X12, Vredenburg, 7380, before 1 May 2006.</p> <p>Municipal Manager</p> <p>24 March 2006</p>	<p><b>MUNISIPALITEIT SALDANHABAII</b></p> <p><b>AANSOEK OM HERSONERING VAN GEDEELTE 21 VAN DIE PLAAS UITKOMST NR 23, PATERNOSTER</b></p> <p>Kennis geskied hiermee dat die Raad 'n aansoek ontvang het vir:</p> <p>i) die hersonering van Gedeelte 21 van die Plaas Uitkomst Nr 23, Paternoster, ingevolge Artikel 17(1) van die Ordonnansie op Grondgebruikbeplanning (Nr 15 van 1985), vanaf Oordsone 1 na Algemeen Residensieel; en</p> <p>ii) 'n permanente awyking ingevolge artikel 15(1) van die Ordonnansie op Grondgebruikbeplanning (Nr 15 van 1985), ten einde 36 in plaas van die 26 voorgeskrewe deeltiteleenhede toe te laat.</p> <p>Nadere besonderhede lê ter insae by die Municipale Bestuurder se kantoor, municipale gebou oorkant die Laerskool, Skoolstraat 4, Vredenburg. Weeksdae: 08:00-13:00 en 13:30-16:30.</p> <p>Navrae: L Gaffley.</p> <p>Besware/komentare ten opsigte van die aansoek, tesame met betrokke redes, moet skriftelik voor 1 Mei 2006 by die Municipale Bestuurder, Privaatsak X12, Vredenburg, 7380, ingedien word.</p> <p>Municipale Bestuurder</p> <p>24 Maart 2006</p>
<p><b>SALDANHA BAY MUNICIPALITY</b></p> <p><b>APPLICATION FOR CONSENT USE ON ERF 950, STORMVOËL STREET, PATERNOSTER</b></p> <p>Notice is hereby given that Council received an application for:</p> <p>i) a consent use, in terms of Regulation 6(3) of the Council's Scheme Regulations, for a special usage in order to allow for an art studio on Erf 950, Paternoster.</p> <p>Details are available at the Municipal Manager's office, municipal building opposite the Primary School, 4 School Street, Vredenburg. Weekdays: 08:00-13:00 and 13:30-16:30.</p> <p>Enquiries: J Smit.</p> <p>Objections/comment to the proposal, with relevant reasons, must be lodged in writing, with the Municipal Manager, Private Bag X12, Vredenburg, 7380, before 1 May 2006.</p> <p>Municipal Manager</p> <p>24 March 2006</p>	<p><b>MUNISIPALITEIT SALDANHABAII</b></p> <p><b>AANSOEK OM VERGUNNINGSGEbruIK OP ERF 950, STORMVOËLSTRAAT, PATERNOSTER</b></p> <p>Kennis geskied hiermee dat die Raad 'n aansoek ontvang het vir:</p> <p>i) 'n vergunningsgebruik, ingevolge Regulasie 6(3) van die Raad se Skemaregulasies, vir 'n spesiale gebruik op Erf 950, Paternoster, ten einde 'n kunsateljee te bedryf.</p> <p>Nadere besonderhede lê ter insae by die Municipale Bestuurder se kantoor, municipale gebou oorkant die Laerskool, Skoolstraat 4, Vredenburg. Weeksdae: 08:00-13:00 en 13:30-16:30.</p> <p>Navrae: J Smit.</p> <p>Besware/komentare ten opsigte van die aansoek, tesame met betrokke redes, moet skriftelik voor 1 Mei 2006 by die Municipale Bestuurder, Privaatsak X12, Vredenburg, 7380, ingedien word.</p> <p>Municipale Bestuurder</p> <p>24 Maart 2006</p>
<p><b>SALDANHA BAY MUNICIPALITY</b></p> <p><b>APPLICATION FOR CONSENT USE ON ERF 950, STORMVOËL STREET, PATERNOSTER</b></p> <p>Notice is hereby given that Council received an application for:</p> <p>i) a consent use, in terms of Regulation 6(3) of the Council's Scheme Regulations, for a special usage in order to allow for an art studio on Erf 950, Paternoster.</p> <p>Details are available at the Municipal Manager's office, municipal building opposite the Primary School, 4 School Street, Vredenburg. Weekdays: 08:00-13:00 and 13:30-16:30.</p> <p>Enquiries: J Smit.</p> <p>Objections/comment to the proposal, with relevant reasons, must be lodged in writing, with the Municipal Manager, Private Bag X12, Vredenburg, 7380, before 1 May 2006.</p> <p>Municipal Manager</p> <p>24 March 2006</p>	<p><b>MUNISIPALITEIT SALDANHABAII</b></p> <p><b>AANSOEK OM VERGUNNINGSGEbruIK OP ERF 950, STORMVOËLSTRAAT, PATERNOSTER</b></p> <p>Kennis geskied hiermee dat die Raad 'n aansoek ontvang het vir:</p> <p>i) 'n vergunningsgebruik, ingevolge Regulasie 6(3) van die Raad se Skemaregulasies, vir 'n spesiale gebruik op Erf 950, Paternoster, ten einde 'n kunsateljee te bedryf.</p> <p>Nadere besonderhede lê ter insae by die Municipale Bestuurder se kantoor, municipale gebou oorkant die Laerskool, Skoolstraat 4, Vredenburg. Weeksdae: 08:00-13:00 en 13:30-16:30.</p> <p>Navrae: J Smit.</p> <p>Besware/komentare ten opsigte van die aansoek, tesame met betrokke redes, moet skriftelik voor 1 Mei 2006 by die Municipale Bestuurder, Privaatsak X12, Vredenburg, 7380, ingedien word.</p> <p>Municipale Bestuurder</p> <p>24 Maart 2006</p>

**BREEDE RIVER/ WINELANDS MUNICIPALITY**

**PROPOSED CONSENT USE: PORTION 13  
OF THE FARM BOSJEMAN'S PAD NO. 173, SWELLENDAM,  
CONSENT ON AGRICULTURAL ZONE I FOR A  
FARMSTALL AND A TOURIST FACILITY (RESTAURANT)**

In terms of regulation 4.7 of the Scheme Regulations promulgated at P.N. 353 of 20 June 1986 and the stipulations of Government Notice No. R1183 of Section 26 of the Environmental Conservation Act, 1989 (Act No. 73 of 1989) notice is hereby given that an application has been received for the proposed consent use as set out below. This application is to be submitted to Council and will be available for scrutiny at Council's Department of Planning and Economic Development (Montagu) at 3 Piet Retief Street, Montagu and at the Bonnievale office at Main Street, Bonnievale. Further details are obtainable from Martin Oosthuizen (023-6148000) during office hours.

*Applicant:* Mr DD Bailey

*Property:* Bosjeman's Pad No. 173, Swellendam

*Owner:* DD Bailey

*Locality:* ± 13 km south-east of Ashton

*Size:* 478,4388 ha

*Proposal:* Farmstall and tourist facility (restaurant)

*Existing zoning:* Agricultural zone I and Residential zone V (Guest-house)

Written, legal and fully motivated objections/comments, if any, against the application must be lodged in writing with the undersigned or at Council's Bonnievale office on or before Monday, 24 April 2006. Any person who cannot write may come during office hours to a place where a staff member of the municipality named in the invitation, will assist that person to transcribe that person's comments or representations. Late objections will not be considered.

N Nel, Municipal Manager

Breede River/Winelands Municipality, Private Bag X2, Ashton, 6715

MN 31/2006. 24 March 2006

33151

**BREËDERIVIER/WYNLAND MUNISIPALITEIT**

**VOORGESTELDE VERGUNNINGSGEBRUIK: GEDEELTE 13  
VAN DIE PLAAS BOSJEMAN'S PAD NR. 173, SWELLENDAM,  
VERGUNNINGSGEBRUIK OP LANDBOUSONE I VIR 'N  
PLAASSTAL EN 'N TOERISTEFASILITEIT (RESTAURANT)**

Kennis geskied hiermee ingevolge die bepalings van regulasie 4.7 van die Skemaregulasies afgekondig by P.K. 353 van 20 Junie 1986 en die bepalings van Staatskennisgewing Nr. R1183 van artikel 26 van die Omgewingsbewaringswet van 1989 (Wet Nr. 73 van 1989) dat 'n aansoek om 'n voorgestelde vergunningsgebruik soos hieronder uiteengesit by die Raad voorgelê gaan word en dat gedurende kantoorure ter insae lê by die Raad se Departement Beplanning en Ekonomiese Ontwikkeling (Montagu) te Piet Retiefstraat 3, Montagu en by die Bonnievale kantoor te Hoofstraat, Bonnievale. Nadere besonderhede is gedurende kantoorure by Martin Oosthuizen (023-6148000) beskikbaar.

*Aansoeker:* Mnr DD Bailey

*Eiendom:* Bosjeman's Pad Nr. 173, Swellendam

*Eienaar:* DD Bailey

*Liggings:* ± 13 km suidoos van Ashton

*Groote:* 478,4388 ha

*Voorstel:* Plaasstal en toeristefasiliteit

*Huidige sonering:* Landbousone I en Residensiële sone V (gastehuis)

Skriftelike, regsgeldige en goed gemotiveerde besware/kommentaar, indien enige, kan by die ondergemelde adres of by die Raad se Bonnievale kantoor ingedien word voor of op Maandag, 24 April 2006, 'n Persoon wat nie kan skryf nie kan gedurende kantoorure na 'n plek kom waar 'n personeellid van die Munisipaliteit, wat in die uitnodiging gemeld word, daardie persoon sal help om die persoon se kommentaar of vertoe af te skryf. Geen laat besware sal oorweeg word nie.

N Nel, Munisipale Bestuurder

Breërivier/Wynland Munisipaliteit, Privaatsak X2, Ashton, 6715

MK 31/2006. 24 Maart 2006

33151

**BREEDEVALLEI MUNISIPALITEIT****VERORDENING INSAKE KLANTESORG EN INKOMSTEBESTUUR, 2005**

Ingevolge afdeling 156 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 (Wet 108 van 1996), en afdeling 98 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, 2000 (Wet 32 van 2000) verorden die Breede Vallei Munisipaliteit soos volg:

**INHOUDSOPGawe**

1. Woordomskrywings

**HOOFSTUK I: BEGINSELS, DOELWITTE, IMPLEMENTERING EN ONDERSKEIDING TEN OPSIGTE VAN KLANTESORG**

2. Beginsels en doelwitte vir klantesorg
3. Die munisipale bestuurder as verantwoordbare amptenaar, aansporings, en ombudsman
4. Onderskeiding tussen klante en vrystelling

**HOOFSTUK 2: VERSKAFFING VAN MUNISIPALE DIENSTE**

*Deel 1: Aansoek vir verskaffing van munisipale dienste en diensleweringsooreenkoms, kredietgradering, deposito's, rekeninge en betaling, en beëindiging van diensleweringsooreenkoms*

5. Aansoek vir verskaffing van munisipale dienste en diensleweringsooreenkoms
6. Deposito's
7. Rekeninge en betaling
8. Beëindiging van diensleweringsooreenkoms

*Deel 2: Nie-betaling van munisipale rekeninge*

9. Reëlings vir betalings
10. Rente op agterstallige munisipale rekeninge
11. Mechanismes vir invordering van skuld

*Deel 3 : Metertoerusting en meting van dienste*

12. Algemene bepalings
13. Metertoerusting en meting van verbruik
14. Herverkoop van water of elektrisiteit

*Deel 4: Maatreëls vir armoedeverligting*

15. Vereistes vir bystand aan hulpbehoewendes
16. Kredietverlening

**HOOFSTUK 3: UITVOERING**

17. Die munisipaliteit se bevoegdheid om die verskaffing van dienste in te kort of te diskonnekteer
18. Peutering, ongemagtigde aansluitings en heraansluitings, en wederregtelike gebruik
19. Klaringsertifikaat
20. Tenders en hulptoelaes
21. Bevoegdheid van die munisipaliteit om koste te verhaal
22. *Prima facie* bewys
23. Afskryf van slechte skulde, en volle en finale vereffening van 'n rekening
24. Reg van toegang en inspeksie
25. Magtiging en betekenis van bevele, kennisgewings en ander dokumente

**HOOFSTUK 4: ALGEMENE BEPALINGS**

26. Reg tot appèl
27. Misdrywe en boetes
28. Teenstrydige verordeninge
29. Korttitel en inwerkintrede

**1. Woordomskrywings**

In hierdie verordening, tensy dit uit die samehang anders blyk, beteken—

**“aansoeker”** 'n persoon wat aansoek doen vir die verskaffing van munisipale dienste;

**“beampte”** 'n werknemer van die munisipaliteit of enige ander persoon wat uitdruklik daartoe gemagtig is deur die munisipaliteit om enige handeling, funksie of taak te verrig, of enige bevoegdheid kragtens hierdie verordening uit te oefen;

**“betaaldatum”** die datum wat as sulks op 'n munisipale rekening wat vanaf die kantore van die verantwoordelike beampte versend is, aangedui word ten opsigte van enige gelde wat betaalbaar is en wat die laaste dag is wat toegelaat word vir die betaling van sodanige gelde;

**“deeltiteleenheid”** 'n eenheid soos omskryf in afdeling 1 van die Wet op Deeltitels, 1986 (Wet No. 95 van 1986);

**“deeltitelskema”** 'n skema soos omskryf in afdeling 1 van die Wet op Deeltitels, 1986 (Wet No. 95 van 1986);

**“eienaar”** met betrekking tot—

- (a) 'n perseel waarna verwys word in paragraaf (a) van die omskrywing van “eiendom”, 'n persoon in wie se naam eienaarskap van die eiendom geregistreer is;
- (b) 'n reg waarna verwys word in paragraaf (b) van die omskrywing van “eiendom”, 'n persoon in wie se naam die reg geregistreer is;
- (a) vaste eiendom wat in die naam van 'n persoon geregistreer is, insluitende in die geval van 'n deeltitelskema, 'n deeltiteleenheid wat in die naam van 'n persoon geregistreer is;

(b) eiendomsreg wat teen vaste eiendom in die naam van die persoon geregistreer is, maar uitsluitend 'n verband wat teen die eiendom geregistreer is;

(c) openbare dienste infrastruktuur;

**"gemeenskap"**, met betrekking tot die munisipaliteit, daardie liggaam van persone wat bestaan uit die inwoners van die munisipaliteit, die belastingbetalers van die munisipaliteit, enige burgerlike organisasies en nie-regerings-, privaatsktor- of arbeidsorganisasies, of liggeme wat by plaaslike aangeleenthede binne die munisipaliteit betrokke is, en besoekers en ander mense wat buite die munisipaliteit woon en wat, as gevolg van hulle teenwoordigheid in die munisipaliteit, gebruik maak van dienste of fasiliteite wat deur die munisipaliteit verskaf word;

**"inkomste"** alle gelde wat aan die munisipaliteit verskuldig is en ten opsigte waarvan die munisipaliteit die reg het om betaling te vorder of af te dwing, ongeag die feitlike rede vir of die oorsprong daarvan;

**"jaarlikse begroting"** die begroting wat vir 'n bepaalde finansiële jaar deur die munisipaliteit goedgekeur is, en sluit enige aanpassings aan sodanige begroting in;

**"klantebestuur"** 'n stelsel wat daarop gerig is om die rekeninghouer se behoeftes op 'n verantwoordelike en proaktiewe wyse te bestuur ten einde betaling aan te moedig en sodoende die noodsaak vir die toepassing van skuldinvorderingsregulasies te beperk;

**"klante dienssentrum"—**

(a) 'n kantoor waar 'n aansoeker aansoek kan doen vir dienste en 'n diensleweringsooreenkoms met die munisipaliteit kan aangaan;

(b) 'n kantoor waar 'n rekeninghouer 'n rekening kan betaal of 'n voorafbetaling kan maak vir dienste;

(c) 'n kredietkeuringspunt waar die kredietwaardigheid van 'n aansoeker geprosesseer kan word; of

(d) 'n kantoor waar 'n rekeninghouer inligting kan inwin oor rekeninge of om rekeninge en gemeterde verbruik te verifieer, en griewe, navrae, aanbevelings en ander relevante aangeleenthede aan die munisipaliteit oor te dra en vanwaar die reaksie van die munisipaliteit aan die rekeninghouer oorgedra kan word;

**"kredietbeheer"** al die funksies wat betrekking het op die invordering van geld;

**"maand"** een van 12 maande van 'n kalenderjaar;

**"munisipale bestuurder"** die persoon wat ingevolge artikel 82 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture, 1998 (Wet No. 117 van 1998) aangestel is;

**"munisipale dienste"** daardie gemeterde dienste en ander munisipale dienste ten opsigte waarvan betaling deur die munisipaliteit vereis word;

**"munisipale entiteit"—**

(a) 'n maatskappy, koöperasie, trust, fonds of enige ander koöperatiewe entiteit wat ingevolge enige toepaslike nasionale of provinsiale wetgewing ingestel is en wat onder die eienaarskap of beheer van een of meer munisipaliteite optree; of

(b) 'n diens-nutsmaatskappy;

**"munisipale rekening"** 'n rekening wat gelewer word en waarop 'n bedrag of bedrae verskyn wat aan die munisipaliteit verskuldig is vir eiendomsbelasting, gemeterde dienste, ander munisipale koste, heffings, tariewe, boetes, rente, belasting of enige ander bedrag of bedrae betaalbaar voortspruitend uit enige ander aanspreeklikheid of verpligting;

**"munisipaliteit"** die Breede Vallei Munisipaliteit gestig kragtens artikel 12 van die Munisipale Strukturewet, 117 van 1998, Provinciale Kennisgewing 488 gedateer 22 September 2000 en sluit in enige politieke struktuur, politieke ampsbekleder, raadslid, behoorlik gevoldmagtigde agent daarvan of enige werknemer daarvan handelende ingevolge hierdie verordening uit hoofde van 'n bevoegdheid van die munisipaliteit wat gedelegeer of gesubdelegeer is aan gemelde politieke struktuur, politieke ampsbekleder, raadslid, agent of werknemer;

**"okkuperder"** enige persoon wat enige perseel of 'n gedeelte daarvan okkuper sonder inagneming van die reg ingevolge waarvan die persoon die perseel okkuper, en sluit in—

(a) enige persoon wat die perseel werklik okkuper;

(b) enige persoon wat wettiglik daarop geregtig is om die perseel te okkuper;

(c) waar so 'n perseel onderverdeel word en aan loseerders of verskeie huurders uitgehuur word, die persoon wat die huurgeld betaalbaar deur sodanige loseerders of huurders ontvang vir die persoon se eie rekening of as agent vir enige persoon wat daarop geregtig is of belang daarby het;

(d) enige persoon wat in beheer is van of die perseel bestuur, en sluit in die agent van enige sodanige persoon wanneer die persoon nie in die Republiek van Suid-Afrika is nie of indien sy of haar verblyfplek onbekend is; en

(e) die eienaar van daardie perseel;

**"onbetroubare klant"** sluit in 'n rekeninghouer wat volgens sy of haar betaalrekords in gebreke bly om sy of haar munisipale rekening op die betaaldatum te betaal of wat agterstallig is met betalings wat aan die munisipaliteit verskuldig is of wat met die metertoerusting, seëls of die verskaffing van munisipale dienste inmeng of peuter;

**"perseel"** enige stuk grond waarop die buitenste oppervlakgrense aangedui is op—

(a) 'n algemene plan of diagram wat ingevolge die Opmetingswet, 1927 (Wet No. 9 van 1927) of die Wet op die Registrasie van Aktes, 1937 (Wet No. 47 van 1937) geregistreer is; of

(b) 'n deelplan geregistreer ingevolge die Wet op Deeltitels, 1986 (Wet No. 95 van 1986), wat binne die regsgebied van die munisipaliteit geleë is; en

(c) sluit in enige ander grond of gebou of struktuur bokant of laer as die oppervlak van enige grond;

**"persoon"** sluit in 'n regspersoon en 'n staatsorgaan;

**"peuter"** enige ongemagtigde inmenging met die munisipaliteit se toevoer, seëls en metertoerusting, en "peutery" het 'n soortgelyke betekenis;

**"Raad"** die Breede Vallei Munisipale Raad;

**"rekening"** die lewering van 'n faktuur ten opsigte van 'n munisipale rekening aan 'n rekeninghouer vir 'n bedrag of bedrae wat betaalbaar is vir eiendomsbelasting, gemeterde dienste, ander munisipale koste, heffings, tariewe, boetes, belasting, of enige ander bedrag of bedrae wat betaalbaar is voortspruitend uit enige ander aanspreeklikheid of verpligting;

**"rekeninghouer"** enige persoon wat 'n munisipale rekening staan te ontvang, insluitende 'n gebruiker van voorafbetaalde elektrisiteit of water;

**"rente"** 'n bedrag wat bereken word teen 'n koers soos bepaal deur die munisipaliteit op 'n agterstallige munisipale rekening;

**"staatsorgaan"** 'n staatsorgaan soos omskryf in artikel 239 van die Grondwet;

**"teiken"** realistiese teikens wat van tyd tot tyd deur die munisipaliteit gestel mag word;

**"verbruiker"** enige okkuperer van enige perseel waartoe of waarop die munisipaliteit onderneem het om munisipale dienste te verskaf, of reeds verskaf, of, indien daar geen okkuperer is nie, enige persoon met wie die munisipaliteit 'n tans-geldende diensleweringsooreenkoms aangegaan het vir die verskaffing van munisipale dienste na so 'n perseel, of, indien daar geen sodanige persoon is nie, die eienaar van die perseel; en **"huishoudelike verbruiker"** of **"huishoudelike gebruiker"** van munisipale dienste die perseel of huishouding aan wie munisipale dienste soos van toepassing op woonpersele, gelewer word;

**"voordeurklant"** 'n persoon aan wie die munisipaliteit spesiale toegewings kan maak.

## HOOFSTUK I

### **BEGINSELS, DOELWITTE, IMPLEMENTERING EN ONDERSKEIDING TEN OPSIGTE VAN KLANTESORG**

#### **2. Beginsels en doelwitte vir klantesorg**

(1) Die munisipaliteit se doelwitte is om—

- (a) voortdurend te streef vir die sosiale en ekonomiese opheffing van die gemeenskap in harmonie met sy natuurlike omgewing;
- (b) basiese dienste wat bekostigbaar is aan al sy mense, en spesifiek aan die armes en minderbevoorregtes, te voorsien op voorwaarde dat, waarvan toepassing, dienstegelde, eiendomsbelasting, gemeterde dienste, ander munisipale koste, heffings, boetes, rente, belasting of enige ander bedrag of bedrae wat verskuldig is, voortspruitend uit enige aanspreeklikheid of verpligting, betaal word;
- (c) die gemeenskap aktief te betrek by die werksaamhede van die munisipaliteit, in besonder by beplanning, dienslewering en prestasiebestuur;
- (d) 'n effektiewe, doelmatige en deursigtige administrasie te verskaf wat in ooreenstemming is met grondwetlike beginsels;
- (e) te verseker dat die munisipaliteit finansieel en ekonomies volhoubaar is;
- (f) 'n samewerkende verhouding tussen die munisipaliteit en die gemeenskap te skep deur die erkenning van wedersydse regte en pligte;

(2) die munisipaliteit, deur middel van hierdie verordening, en binne die bestek en gees van die Grondwet en die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, 2000 (Wet 32 van 2000) gee gevolg aan die beginsels wat hierdie wette onderlê en wat daarin uiteengesit is, en reguleer, verorden en implementeer derhalwe—

(a) 'n klantesorg en -bestuurstelsel wat daarop gerig is—

- (i) om 'n positiewe en wedersydse verhouding te skep tussen die Munisipaliteit en 'n rekeninghouer;
- (ii) om meganismes daar te stel vir 'n rekeninghouer om terugvoering te gee aan die munisipaliteit betreffende die gehalte van die dienste en die prestatie van die munisipaliteit;
- (iii) om te verseker dat redelike stapte gedoen word om 'n rekeninghouer in kennis te stel van die koste wat betrokke is by diensverskaffing, die redes vir die betaling van dienstegelde, en die wyse waarop fondse wat bekom is uit die lewering van dienste, aangewend word;
- (iv) om te verseker, waar die verbruik van dienste gemeet moet word, dat redelike stapte gedoen word om die verbruik van dienste deur individuele rekeninghouers deur middel van akkurate en verifieerbare metingstelsels te meet;
- (v) om te verseker dat 'n rekeninghouer gereelde en akkurate rekeninge ontvang wat die grondslag aandui waarop die verskuldigde bedrag bereken is;
- (vi) om toeganklike meganismes te voorsien vir 'n rekeninghouer om 'n munisipale rekening en gemeterde verbruik te bevraagteken of te verifieer, en appèlprosedures wat die rekeninghouer in staat stel om spoedige regstelling van onakkurate rekenings te ontvang;
- (vii) om toeganklike meganismes te voorsien vir die hantering van 'n rekeninghouer se klagtes, tesame met spoedige antwoorde

en regstellende optrede deur die munisipaliteit, en meganismes te voorsien om die reaksietyd en doeltreffendheid van die munisipale optrede, te moniteer;

(viii) om toeganklike betaalpunte en ander meganismes te voorsien vir die vereffening van 'n rekening of die maak van voorafbetalings vir dienste;

(b) kredietbeheer- en skuldinvorderingsmeganismes en -prosedures wat daarop gerig is om te verseker dat alle gelde wat kragtens hierdie Wet en ander wetgewing aan die munisipaliteit verskuldig en betaalbaar is, van welke bron of vir watter rede ookal, ingevorder word.

### **3. Munisipale bestuurder as verantwoordbare amptenaar, aansporings en ombudsman**

(1) Die munisipale bestuurder—

(a) is verantwoordbaar aan die Uitvoerende Burgemeester vir die implementering en uitvoering van die bepalings van hierdie verordening;

(b) moet, vir die doeleindes van paragraaf (a) die nodige stappe doen om die bepalings van hierdie verordening te implementeer en uit te voer;

(c) is verantwoordbaar aan die Uitvoerende Burgemeester vir die ooreengekome prestasieteikens soos deur die munisipaliteit goedgekeur, en vir hierdie doeleindes—

(i) van tyd tot tyd aan die Uitvoerende Burgemeester verslag doen oor sake aangaande hierdie verordening, insluitende maar nie beperk tot—

(aa) die doeltreffendheid van administratiewe meganismes, hulpbronne, prosesse en prosedures om gelde wat aan die munisipaliteit verskuldig en betaalbaar is, in te vorder;

(bb) inligting oor rekeninge, insluitende die aantal rekeninghouers, toename, kontantvloei, en klantebestuur;

(cc) die tevredenheidsvlakke van rekeninghouers betreffende dienste wat gelewer word; en

(dd) die doeltreffendheid van die munisipaliteit se maatreëls vir armoedevertigting;

(ii) rekeninghouers aanmoedig en druk uitoefen, waar nodig, om uitstaande rekeninge te vereffen binne die strekking van hierdie verordening, en mag vir hierdie doeleindes aansporings oorweeg vir spoedige betaling; en

(iii) met die instemming van die rekeninghouer, 'n ooreenkoms aangaan met die rekeninghouer se werkewer om van die salaris of loon van daardie rekeninghouer—

(aa) enige uitstaande bedrae af te trek wat deur daardie persoon aan die munisipaliteit verskuldig is, en soos ooreengekom mag word; of

(bb) sodanige gereelde maandelikse bedrae af te trek soos ooreengekom mag word; en mag spesiale aansporings verskaf vir werkewers om sodanige ooreenkomste aan te gaan, en werkemers om in te stem tot sodanige ooreenkomste.

(2) Indien die aansporings soos beoog in subparagraphe (xi) en (xii) finansieel volhoubaar en tot die onderlinge voordeel van die munisipaliteit en sy rekeninghouers blyk te wees, mag die munisipaliteit 'n aansporingskema magtig wat, indien dit ingestel word, op die jaarlikse begroting as 'n addisionele uitgawe aangedui word.

(3) Indien finansieel haalbaar, moet die munisipaliteit 'n ombudsman aanstel wat—

(a) onder die direkte toesig van die munisipale bestuurder werk;

(b) klages nagaan wat na die kantoor van die munisipale bestuurder verwys word en daaraan aandag gee, met die doel om te verseker dat die klages afgehandel word; en

(c) wanneer hy of sy dit nodig ag, aanbevelings rig aan die munisipale bestuurder vir die verbetering van die munisipaliteit se klantesorg- en inkomstebestuurstelsels.

### **4. Onderskeid tussen klante en vrystellings**

(1) Ooreenkomstig die beginsels vervat in die Grondwet en afdelings 74(3) en 75 van die Wet op Plaaslike Regerings: Munisipale Stelsels, 2000 onderskei die munisipaliteit tussen verskillende kategorieë gebruikers en verbruikers ten opsigte van tariewe wat gehef word, kategorieë belastingbetalers, rekeninghouers, klante, debiteure, belastings, dienste, diensstandarde en ander aangeleenthede, met dien verstande dat sodanige onderskeidings altyd redelik is en volledig in elke jaarlikse begroting openbaar gemaak word.

(2) Die munisipaliteit kan 'n rekeninghouer, kategorieë rekeninghouers, of ander persone skriftelik vrystel van nakoming van 'n bepaling van hierdie verordening, onderhewig aan enige voorwaardes as wat dit mag voorskryf, indien die aansoek of uitvoering van daardie voorwaarde onredelik blyk te wees; met dien verstande dat die munisipaliteit of sy gemagtigde agent nie vrystelling van enige afdeling van hierdie verordening sal verleen nie indien dit aanleiding kan gee tot—

(a) die verkwisting of buitensporige gebruik van water of elektrisiteit;

(b) die vermyding of ontduiking wat water- of elektrisiteitsbeperkings;

(c) 'n betekenisvolle negatiewe uitwerking op openbare gesondheid, veiligheid of die omgewing;

(d) die nie-betaling van dienste;

- (e) die installering van pype en bybehoorsels wat nie voldoen aan die munisipaliteit se voorgeskrewe standaarde nie; of
  - (f) nie-nakoming van enige Wet, of enige regulasie wat daarvolgens uitgevaardig is.
- (3) Die munisipaliteit of sy gevollmachtigde mag ter enige tyd nadat 30 dae skriftelik kennis gegee is, enige vrystelling wat kragtens subartikel (2) toegestaan is, terugtrek.

## HOOFSTUK 2

### VERSKAFFING VAN MUNISIPALE DIENSTE

#### *Deel I*

#### *Aansoek vir verskaffing van munisipale dienste en diensleweringssooreenkomste, kredietgradering, deposito's, rekeninge en betaling, en beëindiging van diensleweringssooreenkomste*

##### **5. Aansoek vir verskaffing van munisipale dienste en diensleweringssooreenkomste**

- (1) Enige aansoek vir enige verskaffing van dienste aan enige perseel moet by die munisipale kantore gedoen word ten minste twee werksdae voordat die dienste verlang word en moet voldoen aan die voorwaardes soos van tyd tot tyd deur die munisipale bestuurder of sy of haar genomineerde bepaal word.
- (2) Na in werkingstelling van hierdie verordening mag slegs die eienaar van 'n eiendom of sy of haar behoorlik gemagtigde agent namens hom of haar aansoek doen vir munisipale dienste om aan 'n perseel verskaf te word.
- (3) Geen dienste sal verskaf word tensy en totdat die eienaar aansoek gedoen het, 'n diensleweringssooreenkoms in die formaat voorgeskryf deur die munisipaliteit aangegaan is en 'n deposito soos voorsien in afdeling 6, betaal is nie.
- (4) 'n Eienaar van eiendom moet die diensleweringssooreenkoms teken, met dien verstande dat die munisipaliteit, nadat daardie eienaar die diensleweringssooreenkoms geteken het, en onderworpe aan artikel 7(15), kan toelaat dat 'n huurder 'n aparte diensleweringssooreenkoms by die munisipaliteit teken.
- (5) 'n Aansoek vir die verskaffing van 'n diens vir 'n tydperk van minder as een jaar word beskou as 'n aansoek vir 'n tydelike verskaffing.

##### **6. Deposito's**

- (1) By goedkeuring van die aansoek en voordat die diens beskikbaar gestel word, mag die munisipaliteit, soos bepaal in die munisipaliteit se Tariefbeleid, van die aansoeker vereis—
  - (a) om 'n som geld by die munisipaliteit te deponeer vir munisipale dienste; of
  - (b) om enige ander vorm van sekuriteit te voorsien.
- (2) By beëindiging van die diensverskaffing, moet die bedrag wat inbetaal is, soos van tyd tot tyd deur die munisipaliteit bepaal, minus enige betalings verskuldig aan die munisipaliteit, aan 'n rekeninghouer terugbetaal word.

##### **7. Rekeninge en betaling**

- (1) Die rekeninghouer moet alle bedrae wat aan die munisipaliteit verskuldig is, soos aangedui op die munisipale rekening, betaal, en dit is die verantwoordelikheid van die rekeninghouer om die akkuraatheid van sodanige rekening te verifieer.
- (2) 'n Rekeninghouer moet vir gemeterde dienste betaal, en moet die eiendomsbelasting, ander munisipale koste, heffings, tariewe, boetes, rente, belasting of enige aanspreeklikheid of verpligting vanaf die datum waarop sodanige munisipale koste gehef is tot die geskrewe beëindiging van die dienste, betaal.
- (3) 'n Rekeninghouer moet maandeliks en in siklusse van ongeveer 30 dae, 'n rekening ontvang.
- (4) Betaling moet op of voor sluitingstyd op die finale dag vir betaling ontvang word.
- (5) Betaling wat deur middel van die elektroniese media of enige van die diensverskaffers wat deur die munisipaliteit aangestel is om betalings namens hom te ontvang, gemaak word, moet binne ten minste vier werksdae voor die finale datum vir betaling geskied sodat die betaling geprosesseer kan word, en rente word ingerekken indien die munisipaliteit betaling ontvang na die finale datum vir betaling.
- (6) Waar die rekeninghouer 'n rekening deur middel van 'n diensverskaffer betaal binne vier of meer werksdae voor die finale datum vir betaling, en so 'n diensverskaffer versuum om die munisipaliteit met die betrokke betalingsbesonderhede te voorsien, kan so 'n diensverskaffer aanspreeklik gehou word vir alle koste wat deur die munisipaliteit aangegaan is om die agterstallige bedrag, wat verkeerdelik op die rekening van die rekeninghouer verskyn, te verhaal, insluitende renteheffings.
- (7) Die munisipaliteit mag die hoeveelheid gemeterde dienste wat in 'n bepaalde tydperk of tydperke binne die tydvak tussen werklik agtereenvolgende lesings voorsien is, beraam, en mag 'n rekening aan die rekeninghouer lewer vir die hoeveelheid gemeterde dienste wat aldus beraam is.
- (8) Indien 'n rekeninghouer ontevrede is met 'n rekening wat gelewer is vir gemeterde dienste wat deur die munisipaliteit verskaf is, kan sodanige rekeninghouer, voor die finale datum vir betaling wat daarop verskyn, beswaar aanteken teen die rekening, en redes gee, wat skriftelik vereis mag word, vir sodanige ontevredenheid.
- (9) Indien enige dispuit voortspruit ten opsigte van die bedrag wat deur 'n rekeninghouer verskuldig is, en onderworpe aan die voorwaardes van afdeling 102 van die Wet op Plaaslike Regerings: Munisipale Stelsels, 2000 (Wet 32 van 2000), moet die rekeninghouer ten spye van so 'n dispuit voortgaan om gereeld betalings te maak teen die finale datum vir betaling, gebaseer op die berekening van die gemiddelde munisipale rekening vir die voorafgaande drie maande voordat die dispuit aanhangig gemaak is, en beide rente op die rekening en die jaarlikse wysigings van tariewe van die munisipaliteit, in aanmerking neem.

- (10) Enige fout of weglatting op enige rekening of versuim om 'n rekening te lever stel nie die rekeninghouer vry van die verpligting om teen die finale datum vir betaling, te betaal nie.
- (11) Indien 'n rekeninghouer water of elektrisiteit gebruik vir 'n gebruikskategorie anders as waarvoor die munisipaliteit voorsiening maak, en as gevolg waarvan geen koste gehef word vir water of elektrisiteit wat so gebruik is nie, of waar koste gehef word vir die water of elektrisiteit teen 'n tarief laer as dit wat die rekeninghouer moes betaal, is die rekeninghouer aanspreeklik vir die bedrag wat verskuldig is aan die munisipaliteit ooreenkomsdig die voorgeskrewe koste ten opsigte van—
  - (a) die hoeveelheid water of elektrisiteit wat die rekeninghouer gebruik het en waarvoor koste nie teen die rekeninghouer gehef is nie; of
  - (b) die verskil tussen die koste van die water of elektrisiteit wat deur die rekeninghouer gebruik is teen die tarief wat teen die rekeninghouer gehef is, en die koste van die water of elektrisiteit teen die tarief wat teen die rekeninghouer gehef moes word.
- (12) 'n Rekeninghouer is nie geregtig op 'n vermindering in die bedrag wat betaalbaar is vir gemeterde dienste wat verlore gegaan het as gevolg van 'n foutiewe meter, tot tyd en wyl die voorwaardes van artikel 13(8)(c) nagekom is nie.
- (13) Die munisipaliteit mag—
  - (a) enige afsonderlike rekeninge van 'n rekeninghouer wat vir betalings aan die munisipaliteit aanspreeklik, is, konsolideer; en
  - (b) enige betaling deur 'n rekeninghouer krediteer teen enige skuld van so 'n rekeninghouer.
- (14) (a) Die eienaar van 'n eiendom mag 'n ooreenkoms met die munisipaliteit aangaan ten opsigte waarvan eiendomsbelasting in maandelikse paaiemente oor 12 maande sonder rente betaal word, in welke geval betaling voor of op die datum wat deur die munisipaliteit bepaal is, moet geskied.
  - (b) Indien 'n paaiemende soos beoog in paragraaf (a) nie op die datum soos beoog in paragraaf (a) betaal is nie, word die volle uitstaande bedrag onmiddellik verskuldig en betaalbaar.
  - (c) Die eienaar van 'n eiendom mag 'n ooreenkoms met die munisipaliteit aangaan ten opsigte waarvan riool- en vullisverwydering in maandelikse paaiemente oor 12 maande sonder rente betaal word, in welke geval betaling voor of op die datum wat deur die munisipaliteit bepaal is, moet geskied.
  - (d) Indien drie opeenvolgende paaiemende soos beoog in paragraaf (c) nie teen die datum soos beoog in paragraaf (c) betaal is nie, word die volle uitstaande bedrag onmiddellik verskuldig en betaalbaar.
- (15) Indien 'n huurder nie betaal vir dienste wat gelewer is kragtens 'n diensleveringsooreenkoms soos voorsien in artikel 5(4) nie, is die eienaar van die eiendom aanspreeklik vir die betaling van sodanige dienste wat gelewer is.

## **8. Beëindiging van diensleveringsooreenkoms**

- (1) Die voorneme om 'n diensleveringsooreenkoms te beëindig moet skriftelik aan die ander party oorgedra word.
- (2) Waar 'n eiendom verkoop word, mag 'n eienaar 'n diensleveringsooreenkoms beëindig deur skriftelike kennisgewing aan die munisipaliteit van nie minder as twee werksdae nie.

### ***Deel 2***

#### ***Nie-betaling van munisipale rekeninge***

## **9. Reëlings vir betalings**

- (1) Die munisipaliteit mag nie 'n verlengde termyn vir betaling vir die rekeninghouer van 'n gesinshuishouding goedkeur indien hy of sy weier of nalaat om die munisipale rekening te vereffen nie, of indien hy of sy onwillig is om—
  - (a) 'n skulderkenning te teken;
  - (b) 'n toestemming tot vonnis te teken;
  - (c) indien hy of sy by 'n werkgewer in diens is, 'n aftrekorder, besoldigingsbeslagbevel, of debietorder te verskaf;
  - (d) toe te gee dat rente gehef word sal word teen die voorgeskrewe koers; of
  - (e) die lopende gedeelte van die rekening in kontant te betaal en 'n erkenning te teken dat indien die reëlings waarop ooreengekom word, later nie nagekom word nie, geen verdere reëlings moontlik is nie en dat afsluiting van water en elektrisiteit, en regstappe, onmiddellik sal geskied.
- (2) 'n Rekeninghouer wat aansoek wil doen vir reëlings vir die betaling van sy of haar rekening, moet, op die voorgeskrewe vorm, besonderhede verskaf van—
  - (a) bewys van inkomste, soos die betaalstrokkies van al die volwasse lede in die huisgesin of staatstoelaagbewyse;
  - (b) bewys van werkloosheid deur die Departement van Arbeid beëdig, of 'n beëdigde verklaring wat die tydperk van werkloosheid aandui; en
  - (c) die fisiese en posadres en persoonlike besonderhede soos vereis deur die munisipaliteit.
- (3) Waar 'n sake-onderneming nie sy munisipale rekening betaal op die datum voorsien in artikel 7(4) nie, mag die hooffinansiële beampete, in samewerking met die munisipale bestuurder, 'n aansoek deur die sake-onderneming vir 'n verlengde termyn van betalingoorweeg, met dien verstande dat verlenging net in buitengewone omstandighede toegestaan sal word.

- (4) Inlēbetalings en paaiemente sal op 'n skaal vasgestel word bereken op die inkomste van 'n huishouding, en die grootte van so 'n inlēbetaling en die terme vir terugbetaling moet deur die munisipaliteit bepaal word.
- (5) 'n Rekeninghouer wat agterstallig is moet instem tot omskakeling na 'n voorafbetaalde meettoestel en die koste daarvan moet afbetaal word deur die byvoeging van 'n bo-belasting tot die voorafbetaalde elektrisiteit- en waterkoste, wat terugbetaal word met elke aankoop van nie minder nie as 20% elektrisiteit of water, totdat die skuld afgelos is.
- (6) Ondanks artikel 10(2), sal rente nie gehef word teen 'n rekeninghouer met geldige reëlings vir agterstallige betalings terwyl die ooreengekome reëlings nagekom word nie; met dien verstande dat indien 'n paaiemende nie betaal word nie rente, soos beoog in artikel 10, op alle agterstallige paaiemende gehef sal word.
- (7) Indien 'n rekeninghouer met drie paaiemende agterstallig raak—
  - (a) word die reëlings gekanselleer;
  - (b) is die volle uitstaande bedrag onmiddellik verskuldig en betaalbaar;
  - (c) salregs- en afsluitingsprosesse onmiddellik in werking gestel word;
  - (d) mag geen nuwe reëlings aangegaan word nie; en
  - (e) waar die rekeninghouer 'n voorafbetaalde meettoestel het, sal die uitstaande bedrag ingevorder word deur dit as 'n bo-belasting by die koste van voorafbetaalde elektrisiteit- en water te voeg wat terugbetaalbaar is met elke aankoop van nie minder nie as 50% elektrisiteit of water, totdat die skuld afgelos is.

## **10. Rente op agterstallige munisipale rekening**

- (1) Die munisipaliteit mag rente hef of verhaal teen 'n vasgestelde rentekoers ten opsigte van enige agterstallige bedrae wat aan die munisipaliteit verskuldig en betaalbaar is.
- (2) Ongeag die rede vir nie-betaling word rente ingerekend as 'n rekening nie betaal word nie.
- (3) Rente word maandeliks bereken teen die rentekoers wat deur die munisipaliteit goedgekeur is, en 'n gedeelte van 'n maand word gerekend as 'n maand.
- (4) Rente is betaalbaar indien betaling nie by 'n kantoor van die munisipaliteit ontvang word teen die sluiting van besigheid op die dag waarop betaling verskuldig is nie.

## **11. Mechanismes vir invordering van skuld**

- (1) Waar toepaslik, moet die munisipaliteit te alle tye poog om 'n rekeninghouer in kennis te stel van 'n voorneme om 'n diens te diskonnekeer of te beperk, en die volgende mechanismes mag gebruik word indien 'n rekeninghouer versuum om 'n rekening te betaal op die dag waarop betaling verskuldig is:
  - (a) aflewering of pos van 'n finale aanmaning met 'n verduideliking aan die rekeninghouer van die stand van die rekening en die gevolge indien betaling nie geskied of 'n reëling nie nagekom word nie;
  - (b) die rekeninghouer woordeliks, skriftelik, telefonies, of elektronies in kennis stel van die agterstallige rekening en die voorneme om dienste te beëindig of te beperk;
  - (c) beëindiging of beperking van die verskaffing van munisipale dienste aan die perseel en die dien van 'n beëindiging- of beperkingskennisgewing aan die rekeninghouer; of
  - (d) debitering van die munisipale rekening van die rekeninghouer met al die betrokke heffings en boetes wat deur die munisipaliteit goedgekeur is.
- (2) Waar die gemeterde gebruik beëindig of beperk is, en indien die rekeninghouer steeds versuum om die rekening te betaal, mag die perseel met gereeld tussenposes besoek word om te verseker dat die gemeterde verskaffing beëindig of beperk bly, en indien daar gevind word dat die dienste wat voorheen beëindig of beperk is, weer herstel is—
  - (a) het die munisipaliteit die reg om enige stappe te doen wat vereis word kragtens artikel 17, en die rekeninghouer is verantwoordelik vir die betrokke heffings of koste of skade wat gely is;
  - (b) die munisipaliteit mag weier om dienste te verskaf vir 'n tydperk soos van tyd tot tyd deur die munisipaliteit bepaal; en
  - (c) in die geval van die gebruik van 'n voorafbetaalde meettoestel, mag die munisipaliteit die verdere verkoop van voorafbetaalde dienste staak.
- (3) Waar 'n behoorlik gemagtigde beampte van die munisipaliteit die perseel besoek het met die doel om die dienste te beëindig of te beperk en belemmer of verhinder is om so 'n beëindiging of beperking uit te voer, word 'n betaling gelyk aan die voorgeskrewe koste vir 'n heraansluiting gehef vir elke besoek wat nodig mag wees vir so 'n beëindiging of beperking, onderhewig aan 'n maksimum van twee sulke besoeke waartydens beëindiging of beperking nie uitgevoer kon word nie.
- (4) Die munisipaliteit mag enige een of meer van die volgende mechanismes gebruik om volle betaling van enige bedrae wat aan hom verskuldig is, te verseker:
  - (a) beperking of weiering vir die verkoop van voorafbetaalde dienste aan 'n rekeninghouer, of afsluiting van enige voorafbetaalde meettoestel van 'n rekeninghouer wat agterstallig is met ander dienste;
  - (b) van die rekeninghouer vereis om oor te skakel na 'n ander meterstelsel;

- (c) toewysing van 'n gedeelte van enige voorafbetaalde betalings na ander skulde;
  - (d) vrystelling van 'n skuldenaar se besonderhede aan 'n kredietburo;
  - (e) publikasie van 'n lys van rekeninghouers wat agterstallig bly met betalings;
  - (f) terughouding van betaling van 'n hulptoelae en onderworpe aan die voorwaardes van artikel 21, die rekeninghouer uitsluit van die tenderproses;
  - (g) terughouding van betaling op kontrakte vir vereffening van die munisipale rekening;
  - (h) hersiening en wysiging van die voorwaardes van die diensleweringsooreenkoms;
  - (i) onderworpe aan artikel 16(3), geregtelike stappe instel vir invordering van die skuld;
  - (j) die rekeninghouer klassifiseer as 'n onbetroubare klant;
  - (k) onderworpe aan artikel 16(3), gebruik maak van eksterne skuldinvorderingspesialiste of -agente;
  - (l) aandringing op omskakeling na 'n voorafbetaalde meettoestel, op koste van die rekeninghouer;
  - (m) enige ander metodes soos van tyd tot tyd deur die munisipaliteit gemagtig om agterstallige bedrae in te vorder.
- (5) Die koste van invordering, waarvan van toepassing, moet deur die rekeninghouer betaal word.
- (6) Onderworpe aan die voorwaardes van artikels 28 en 29 van die Eiendomsbelastingwet, 2004 (Wet No. 6 van 2004), bly die reg van krag om dienste te weier, te beperk, af te sluit of te beëindig weens die nie-betaling van enige eiendomsbelasting, gemeterde dienste, ander munisipale koste, heffings, tariewe, boetes, rente, belasting of enige ander bedrag of bedrae wat betaalbaar is voortspruitend uit enige aanspreeklikheid of verpligting, nieteenstaande die feit dat—
- (a) betaling bedoel was vir enige bepaalde diens; of
  - (b) die persoon wat 'n diensleweringsooreenkoms vir die verskaffing van dienste met die munisipaliteit aangegaan het en die eienaar verskillende entiteite of persone is, wat ookal die geval mag wees.

### *Deel 3*

#### *Metertoerusting en meting van dienste*

#### **12. Algemene voorwaardes**

- (1) Die munisipaliteit mag verskeie soorte metertoerusting beskikbaar stel en mag 'n rekeninghouer aanmoedig om na 'n stelsel oor te skakel wat deur die munisipaliteit verkies word indien dit tot voordeel van die munisipaliteit is.
- (2) Na in werkingtreding van hierdie verordening, en waar moontlik en toepaslik, is dit verkieslik dat voorafbetaalde meettoestelle geïnstalleer word vir alle nuwe elektrisiteitsaansluitings.

#### **13. Metertoerusting en meting van verbruik**

- (1) Die munisipaliteit moet, op koste van die verbruiker by wyse van 'n direkte heffing of voorgeskrewe tarief, metertoerusting met toepaslike tariefskale by die metingspunt vir die meet van gemeterde dienste verskaf, installeer en onderhou.
- (2) Die munisipaliteit behou die reg om die toevoer na 'n blok winkels, woonstelle, deelhuise of soortgelyke geboue, vir die gebou as 'n geheel, of vir 'n individuele eenheid, of vir 'n groep eenhede, te meet.
- (3) Waar enige gebou waarna in subartikel (2) verwys is deur die munisipaliteit as 'n geheel van gemeterde dienste voorsien word—
  - (a) mag die eienaar, op eie koste, toepaslike sub-metertoerusting vir elke winkel, woonstel of deelhuis verskaf en installeer; of
  - (b) die munisipaliteit mag vereis dat 'n meter vir elke eenheid op enige perseel wat afsonderlik bewoon word, op koste van die eienaar, geïnstalleer word, ten einde die hoeveelheid gemeterde dienste wat aan elke eenheid verskaf word, te bepaal.
- (4) Waar die elektrisiteit wat deur verbruikers gebruik word teen verskillende tariefskale bereken word, moet die verbruik afsonderlik vir elke tariefskaal gemeet word.
- (5) Waar sub-metertoerusting geïnstalleer is, moet waar nodig voorsiening gemaak word vir 'n afsonderlike ruimte vir die munisipaliteit se metertoerusting.
- (6) Behalwe in die geval van voorafbetaalde meettoestelle, word die hoeveelheid gemeterde dienste wat deur 'n verbruiker gebruik word gedurende enige meetperiode bepaal deur die lees van die betrokke meter of meters wat deur die munisipaliteit verskaf behalwe waar die metertoerusting foutief is.
- (7) Ten einde die bedrag te bereken wat verskuldig en betaalbaar is ten opsigte van die hoeveelheid gemeterde dienste wat gebruik is, word dieselfde bedrag vir gemeterde dienste geag as verbruik te gewees het vir elke tydperk van 24 uur tussen lesings.
- (8) Die volgende is van toepassing by die akkuraatheid van meting:
  - (a) dit word as afdoende bewys geag dat 'n meter akkuraat registreer indien sy foutspeling, wanneer 'n toets soos voorgeskryf in subartikel (13) uitgevoer word, binne die perke is wat toegelaat word vir foute soos voorsien in die betrokke standaardspesifikasies;

- (b) die munisipaliteit het die reg om sy metertoerusting te toets, en indien daar deur middel van toetsing of andersins vasgestel word dat daardie metertoerusting foutief is, moet die munisipaliteit—
- (i) in die geval van 'n kredietmeter, die rekening wat gelewer is regstel; of
  - (ii) in die geval van voorafbetaalde meettoestelle:
- (aa) 'n rekening lewer waar gevind is dat die meter onderregistreer; of
  - (bb) 'n gratis bewys uitreik waar gevind is dat die meter oorregistreer; en
- (c) die verbruiker is daarop geregtig om die meettoestel by die munisipaliteit te laat toets teen betaling van die voorgeskrewe toetsgeld, en indien gevind word dat die meettoestel nie voldoen aan die vereistes vir stelselakkuraatheid soos voorsien in die toepaslike standaardspesifikasies nie, moet 'n regstelling kragtens die voorwaardes van paragraaf (b) en subartikel (7) gemaak word en die voornoemde toetsgeld moet terugbetaal word.
- (9) Geen wysings, herstelwerk, toevoegings of aansluitings van enige aard mag aan die verskaffingskant van die meterpunt aangebring word sonder spesifieke skriftelike goedkeuring van die munisipale bestuurder of 'n behoorlik gemagtigde beampot van die munisipaliteit nie.
- (10) Alvorens die munisipaliteit kragtens subartikel (8)(b) enige opwaartse aanpassing van 'n rekening maak, moet die munisipaliteit—
- (a) die verbruiker skriftelik in kennis stel van die geldwaarde van die aanpassing wat gemaak staan te word en die redes daarvoor;
  - (b) voldoende besonderhede in die kennisgewing verskaf om die verbruiker in staat te stel om vertoë ten opsigte daarvan te rig;
  - (c) die verbruiker deur middel van die kennisgewing versoek om binne 21 dae of enige langer tydperk deur die munisipaliteit toegelaat, skriftelik redes, indien enige, te verskaf waarom die rekening nie aangepas moet word soos aangedui nie, en indien die verbruiker versuim om enige vertoë gedurende hierdie tydperk te rig is die munisipaliteit daarop geregtig om die rekening aan te pas soos aangedui in paragraaf (a).
- (11) Die munisipaliteit moet enige vertoë oorweeg wat kragtens subartikel (10) gerig is en moet, indien hy tevrede is dat genoegsame bewyse voorgelê is, die rekening toepaslik aanpas.
- (12) Indien die munisipale bestuurder of 'n behoorlik gemagtigde beampot van die munisipaliteit besluit, na oorweging van die vertoë van die verbruiker, dat die vertoë nie genoegsame bewys lewer vir die wysiging van die geldwaarde wat kragtens subartikel (15) bepaal is nie, het die munisipaliteit die reg om die rekening aan te pas soos kragtens subartikel (10)(a) aangedui, en die verbruiker het die reg om kragtens artikel 26 appèl aan te teken teen die besluit van die beampot.
- (13) Meters word getoets op die wyse voorgeskryf in die toepaslike standaardspesifikasies.
- (14) Wanneer 'n aanpassing kragtens subartikel (8)(b) of (8)(c) gemaak is aan die verbruik wat op 'n meter geregistreer is, word so 'n aanpassing gebaseer op die foutpersentasie van die meter soos bepaal deur die toets waarna verwys is in subartikel (13), of op 'n berekening deur die munisipaliteit gebaseer op die verbruikgegewens in sy besit, en waar van toepassing moet toegewend word, waar moontlik, gemaak word vir seisoenale of ander variasies wat verbruik mag beïnvloed.
- (15) Wanneer 'n aanpassing gemaak is soos beoog in subartikel (14), mag die aanpassing nie 'n tydperk van ses maande voor die datum waarop die metertoerusting as onakkuraat bevind is, oorskry nie, met dien verstande dat die toepassing van hierdie subartikel nie 'n verbruiker verhoed om oorbetalings terug te eis vir enige langer tydperk waar die verbruiker in staat is om die eis te bewys deur middel van die normale regssproses nie.
- (16) Voordat enige gemeterde of voorafbetaalde gemeterde verskaffings wat gediskonnekteer of beperk is as gevolg van nie-betaling herstel word, moet 'n rekeninghouer alle tariewe en koste soos van tyd tot tyd deur die munisipaliteit bepaal, betaal.
- (17) Die munisipaliteit moet op die skriftelike versoek van 'n rekeninghouer en op die datums versoek deur die rekeninghouer—
- (a) die toevoer van gemeterde dienste na die rekeninghouer se perseel diskonnekteer; en
  - (b) die toevoer herstel, en die rekeninghouer moet voordat die gemeterde dienste herstel word, die voorgeskrewe koste vir die diskonneksie en herstel van sy of haar gemeterde dienste, betaal.
- (18) Na diskonneksie vir nie-betaling van 'n rekening of 'n oortreding van enige van die voorwaardes van hierdie verordening, moet die voorgeskrewe tariewe betaal word voordat 'n heraansluiting gemaak word.
- (19) Die volgende is van toepassing by die lees van kredietmeters:
- (a) tensy andersins voorgeskryf, word kredietmeters normaalweg in tydvakke van ongeveer een maand gelees en die vaste of minimum koste wat verskuldig is word dienooreenkomsdig bereken, en die munisipaliteit is nie verplig om enige aanpassings te maak ten opsigte van sodanige koste nie;
  - (b) indien die kredietmeter, vir watter rede ookal, nie gelees kan word nie, mag die munisipaliteit 'n beraamde rekening lewer, en die beraamde verbruik moet aangepas word in 'n daaropvolgende rekening na gelang van die hoeveelheid wat werklik verbruik is;
  - (c) wanneer 'n rekeninghouer 'n perseel ontruim en 'n finale lesing van die meter nie moontlik is nie, mag 'n beraming van die verbruik gemaak word en die finale rekening dienooreenkomsdig gelewer word;
  - (d) indien 'n spesiale lesing van die meter deur 'n verbruiker verlang word, kan dit gedoen word teen betaling van die voorgeskrewe tarief; en
  - (e) indien enige berekening-, lesing- of metingsfout gevind word ten opsigte van enige rekening wat aan 'n verbruiker gelewer is—

- (i) moet die fout in daaropvolgende rekenings reggestel word;
  - (ii) is enige so 'n regstelling slegs van toepassing ten opsigte van rekeninge vir 'n tydperk van ses maande voor die datum waarop die fout op die rekeninge ontdek is;
  - (iii) word die regstelling gebaseer op die werklike tariewe wat van toepassing is gedurende daardie periode; en
  - (iv) verhoed die toepassing van hierdie afdeling nie 'n verbruiker om oorbetaling vir enige langer tydperk terug te eis, indien die verbruiker in staat is om die eis deur middel van die normale regssproses te bewys nie.
- (20) Die volgende is van toepassing by voorafbetaalde metings:
- (a) geen terugbetaling van die bedrag wat betaal is vir die aankoop van elektrisiteit- of waterkrediet word gegee by die verkooppunt nadat die proses deur middel waarvan die voorafbetaalde meterbewys uitgereik is, 'n aanvang geneem het nie;
  - (b) afskrifte van voorheen uitgereikte bewyse vir die oordrag van krediet na die voorafbetaalde meettoestel mag op versoek van die verbruiker uitgereik word;
  - (c) wanneer 'n rekeninghouer enige perseel ontruim waar 'n voorafbetaalde meettoestel geïnstalleer is, word geen terugbetaling vir die oorblywende krediet op die meettoestel deur die munisipaliteit aan die eienaar gemaak nie;
  - (d) die munisipaliteit is nie aanspreeklik vir die herstelling van krediet op 'n voorafbetaalde meettoestel wat verlore gegaan het weens peuterig met, of die verkeerde gebruik of die misbruik van voorafbetaalde meettoestelle of bewyse nie;
  - (e) waar 'n rekeninghouer enige eiendomsbelasting, gemeterde dienste, ander munisipale koste, heffings, tariewe, boetes, rente, belasting of enige ander bedrag of bedrae aan die munisipaliteit verskuldig is voortspruitend uit enige aanspreeklikheid of verpligting, mag die munisipaliteit 'n persentasie van die bedrag wat deur die rekeninghouer aangebied word, aftrek ter betaling van die bedrag wat aan die munisipaliteit verskuldig is; en
  - (f) die munisipaliteit mag verkopers aanstel vir die verkoop van krediet vir voorafbetaalde meettoestelle en waarborg nie die voortgesette bediening deur enige verkoper nie.
- (21) 'n Verbruiker kwalifieer vir 'n waterlekkasie-afslag indien—
- (a) die lekkasie ondergronds voorgekom het en nie bogronds waarneembaar was nie;
  - (b) die lekkasie binne 48 uur nadat dit opgespoor is, herstel is;
  - (c) die rekeninghouer slegs eenkeer aansoek gedoen het vir afslag in 'n siklus van 24 maande;
  - (d) 'n sertifikaat van 'n geregistreerde loodgieter of, in die geval van 'n private individu wat die lekkasie herstel het, 'n geswore verklaring, by die hooffinansiële beampete ingedien is binne tien werksdae vanaf die hersteldatum, welke sertifikaat of verklaring die volgende moet bevat—
    - (i) die datum van sowel die faktuur as die datum van herstelwerk;
    - (ii) bevestiging dat die lekkasie nie bogronds waarneembaar was nie; en
    - (iii) sertifisering dat die bars voorgekom het in 'n pyp gelys in die Skedule vir Goedgekeurde Pypeleidings en Bybehoorsels wat deur die Bedryfsdirekteur gehou word;
- (22) Die berekening van die afslag beoog in subartikel (21) is gebaseer op die verskil tussen die gemiddelde kiloliter verbruik vir dieselfde tydperke in die vorige jaar en die tydperk waartydens die lekkasie plaasgevind het.

#### **14. Herverkoop van water of elektrisiteit**

- (1) Geen rekeninghouer aan wie gemeterde dienste kragtens hierdie verordening verskaf word mag water of elektrisiteit, wat aan die rekeninghouer se perseel by wyse van ooreenkoms deur die munisipaliteit verskaf word, aan enige ander persoon of persone verkoop of verskaf vir gebruik op enige perseel behalwe ten opsigte waarvan so 'n ooreenkoms aangegaan is nie, of toelaat of toestemming verleen vir so 'n herverkoop of verskaffing nie, tensy voorsiening daarvoor gemaak is in 'n spesiale ooreenkoms of tensy vooraf toestemming hiervoor van die munisipaliteit verkry is.
- (2) Indien die munisipaliteit die toestemming verleen waarna verwys word in subartikel (1), mag dit die maksimum bedrag waarvoor die water of elektrisiteit verkoop mag word stipuleer en enige ander voorwaardes ople soos wat nodig mag wees.
- (3) Die toestemming waarna in subartikel (1) verwys word kan ter enige tyd teruggetrek word.
- (4) Waar water of elektrisiteit herverkoop word vir gebruik op dieselfde perseel, moet so 'n herverkoop ooreenkombig die tariewe geskied en op sodanige voorwaardes as wat die munisipaliteit mag besluit.

#### **Deel 4**

##### ***Maatreëls vir armoedevertigting***

#### **15. Vereistes vir bystand aan hulpbehoewendes**

- (1) Om te kwalifieer vir hulpverlening moet die volgende vereistes nagekom word:
  - (a) die aansoeker moet 'n rekeninghouer wees;

- (b) die aansoeker moet, voor 'n datum soos deur die munisipaliteit bepaal, jaarliks, of in sodanige tydvakke soos van tyd tot tyd deur die munisipaliteit bepaal, aansoek doen vir die status om as 'n arm huishouding geklassifiseer te word, en vir hierdie doel moet—
- (i) die voorgeskrewe vorms voltooi en onderteken word; en
  - (ii) enige ander dokumentasie soos van tyd tot tyd deur die munisipaliteit vereis, voorsien word;
- (c) die aansoeker mag nie die eienaar van 'n besigheid of meer as een woonperseel wees nie en hy of sy moet die perseel okkuperen;
- (d) die gesamentlike huishoudelike inkomste van al die okkuperders oor die ouderdom van 18 jaar mag nie die bedrag soos deur die munisipaliteit bepaal in subartikel (2) oorskry nie;
- (e) die aansoeker moet die perseel wettiglik bewoon en moet wettiglik munisipale dienste gebruik;
- (f) die aansoeker moet bogenoemde by 'n Kommissaris van Ede beëdig; en
- (g) 'n verteenwoordiger van 'n siviele gemeenskapstruktuur moet die juistheid van die aansoek beëdig.
- (2) Ten einde die gesamentlike huishoudelike inkomste soos beoog in subartikel (1)(d) te bepaal, mag die munisipaliteit 'n bedrag stipuleer, of 'n maksimum bedrag bepaal, gebaseer op een of meer van die volgende:
- (a) waterverbruik;
  - (b) elektrisiteitsverbruik; of
  - (c) die munisipale waardasie van die eiendom, welke waardasie nie die waarde soos van tyd tot tyd deur die munisipaliteit bepaal, mag oorskry nie.
- (3) In die geval van 'n huurder—
- (a) moet die huurder persoonlik aansoek doen en mag slegs kwalifiseer vir die koste van elektrisiteit, water en huur, vir welke koste hy of sy 'n munisipale rekening moet ontvang; en
  - (b) die persoon wat die huur betaalbaar deur die huurder ontvang, het sy vir die persoon se eie rekening of as agent vir enige ander persoon wat daarop geregtig is of 'n belang daarby het, is verantwoordelik vir eiendomsbelasting en die koste van vullisverwydering.
- (4) Waar die rekeningshouer oorlede is, moet die bestaande en toekomstige rekeninge van die huishouding ingevolge die maatreëls vir bystand aan hulpbehoewendes aanvaar word, op voorwaarde dat slegs die oorlewende eggenoot of afhanklike kinders mag aansoek doen of daarby mag baat.
- (5) 'n Huishouding kwalifiseer nie vir bystand vir hulpbehoewendes indien—
- (a) die aansoek beoog in artikel 15(1)(b) valse inligting bevat nie;
  - (b) die aansoeker rapporteer dat, of 'n outhof beoog in subartikel (6) du aan, dat 'n verbetering in die finansiële status van die huishouding plaasgevind het wat die huishouding buite die bedrag soos bepaal in subartikel (1)(d) plaas; of
  - (c) geen betaling aan die munisipaliteit gemaak is vir 'n tydperk van drie maande ingevolge 'n ooreenkoms om die rekening te vereffent soos beoog in artikel 9 nie.
- (6)
- (a) Die munisipaliteit het die reg om die perseel genoem in artikel 15(1)(c) op enige redelike tyd te besoek vir die doeleindes van die aansoek of vir ouditering.
  - (b) Krediet soos beoog in artikel 16 sal toegestaan word sodra die aansoek goedgekeur is.
  - (c) 'n Aanvanklike inspeksie moet binne 3 maande na goedkeuring van die aansoek uitgevoer word.
  - (d) Inspeksies moet deur 'n persoon wat vir hierdie doel deur die munisipaliteit aangestel is, gedoen word en die persoon moet aanbevelings aan die hooffinansiële beampete maak oor die munisipaliteit se voortgesette toestaan al dan nie van krediet aan die huishouding.

## 16. Kredietverlening

- (1) Huishoudings wat kwalifiseer vir bystand aan hulpbehoewendes mag krediet ontvang vir sommige van of al die volgende:
- (a) 'n hoeveelheid elektrisiteit, soos van tyd tot tyd deur die munisipaliteit bepaal;
  - (b) 'n hoeveelheid water, soos van tyd tot tyd deur die munisipaliteit bepaal;
  - (c) die koste van vullisverwydering, soos van tyd tot tyd deur die munisipaliteit bepaal;
  - (d) die koste van riolering, soos van tyd tot tyd deur die munisipaliteit bepaal;
  - (e) eiendomsbelasting, soos deur die munisipaliteit bepaal; en
  - (f) enige ander diensheffing, belasting of koste buiten die gelewerde dienste.
- (2) Die hulpbehoewende debiteur sal verantwoordelik wees vir die betaling van die verskil tussen die subsidie wat ontvang word en die standaard tarief soos jaarliks deur die Raad bepaal.

- (3) Die voorwaardes van artikel 11(4)(i) en (k) is nie van toepassing op 'n huishouding wat kwalifieer vir bystand aan hulpbehoewendes nie, en indien 'n huishouding nie die munisipale rekening teen die datum waarop dit verskuldig is, betaal nie, sal die munisipaliteit die agterstallige bedrag verhaal, insluitende die koste van inkorting of diskonneksie en die koste van heraansluiting, deur middel van die af trekking van nie minder nie as 20% van die elektrisiteitsaankope wat deur die huishouding gemaak word.
- (4) Die munisipaliteit sal oorweging verleen, op die tye beoog in artikel 15(1)(b), aan die afskryf van bestaande agterstallige dienstegelde, maar nie peuteringskoste, aansluitingskoste, heraansluitingskoste, of enige ander koste of paaiement ingevolge 'n bestaande ooreenkoms nie.
- (5) Dit word van die aansoeker beoog in afdeling 15(1) vereis om in te stem tot die installasie van 'n voorafbetaalde elektrisiteitsmeetstoestel, en die koste daarvan sal verhaal word as—
  - (a) 'n bo-belasting op die koste van sy of haar volgende elektrisiteitskoepon; of
  - (b) 'n kontantbetaling deur die huishouding.
- (6) Indien 'n huishouding meer as 12kl water per maand gebruik, sal 'n inkortingsluiting aan die watertoevoer aangebring word.

### ***HOOFSTUK 3***

#### ***UITVOERING***

#### **17. Die munisipaliteit se bevoegdheid om die verskaffing van dienste in te kort of te diskonnekteer**

Die munisipaliteit mag, behoudens die voorwaardes van enige ander voorwaardes in hierdie verordening, die verskaffing van water en elektrisiteit inkort of diskonnekteer, of enige ander diens na enige perseel staak indien—

- (a) 'n administrasiebevel ten opsigte van 'n rekeninghouer toegestaan word ingevolge artikel 74 van die Landdroshewe Wet, 1944 (Wet No. 37 van 1944);
- (b) 'n rekeninghouer van enige diens versuim om te voldoen aan 'n voorwaarde vir verskaffing soos deur die munisipaliteit voorgeskryf;
- (c) 'n rekeninghouer die doeltreffende verskaffing van elektrisiteit, water of enige ander munisipale diens aan 'n ander rekeninghouer verhinder;
- (d) 'n rekeninghouer sulke munisipale dienste aan enige persoon wat nie daarop geregtig is nie, verskaf of toelaat dat so 'n diens voortgaan;
- (e) 'n rekeninghouer 'n situasie laat ontstaan wat gevvaarlik is of 'n oortreding van betrokke wetgewing is; of
- (f) 'n rekeninghouer onder voorlopige registrasie, likwidasie of geregtelike bestuur geplaas word, of 'n daad van insolvensie pleeg ingevolge die Insolvensie Wet, 1936 (Wet No. 24 van 1936).

#### **18. Peutering, ongemagtigde aansluitings en heraansluitings, en wederregtelike gebruik**

- (1) Die munisipaliteit het die reg om die diensnetwerk te moniteer vir tekens van peutering of ongerymdhede.
- (2) Geen persoon mag op enige wyse of vir enige rede hoegenaamd met enige meter of metertoerusting of diensaansluiting of diensbeskermingsapparaat of toevoerkragpunt of enige toerusting van die munisipaliteit peuter of daarmee inmeng nie.
- (3) Waar daar *prima facie* bewyse bestaan dat 'n rekeninghouer of enige persoon subartikel (2) oortree het, het die munisipaliteit die reg om die toevoer onmiddellik en sonder vooraf kennisgewing aan die rekeninghouer te diskonnekteer, en die rekeninghouer is aanspreeklik vir alle koste en tariewe wat deur die munisipaliteit gehef word vir so 'n diskonneksie.
- (4) Waar 'n rekeninghouer of enige persoon subartikel (2) oortree het en so 'n oortreding tot gevolg het dat die meter minder as die werklike verbruik registreer, het die munisipaliteit die reg om die volle koste van sy of haar beraamde verbruik van die rekeninghouer te verhaal.

#### **19. Klaringsertifikaat**

Ten einde uitvoering te gee aan die oordrag van enige vaste eiendom van een geregistreerde eienaar aan 'n ander, vereis die Registrateur van Aktes 'n klaringsertifikaat, welke sertifikaat van die munisipale bestuurder of 'n behoorlik gemagtige beampie van die munisipaliteit verkrygbaar is teen betaling van die voorgeskrewe tarief en onderworpe aan die nakoming van die voorwaardes van artikel 118 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, 2000 (Wet 32 van 2000).

#### **20. Tenders en hulptoelaes**

- (1) Elke tender wat aan die munisipaliteit voorgelê word moet vergesel wees van 'n sertifikaat van die munisipaliteit wat verklaar dat die voornemende verskaffer geen agterstallige bedrag wat op die munisipale rekening as sulks aangedui is, aan die munisipaliteit verskuldig is nie.
- (2) Indien 'n voornemende verskaffer wel gelde aan die munisipaliteit verskuldig is, mag die munisipaliteit die tender awys.
- (3) Die munisipaliteit mag slegs 'n tender oorweeg wanneer die voornemende verskaffer bevredigende reëlings getref het om die verskuldigde bedrag te betaal deur middel van paaiemente, of al die agterstallige bedrae ten volle vereffen het.
- (4) Die munisipale bestuurder of sy behoorlik gemagtigde beampie van die munisipaliteit moet kragtens die voorwaardes van ooreenkoms voorsiening maak vir afrekings van gelde wat aan die verskaffer verskuldig is, ten einde enige uitstaande bedrag te verhaal.
- (5) Betaling van enige hulptoelaes wat deur die munisipaliteit goedgekeur is mag teruggehou word hangende die betaling van enige uitstaande munisipale rekening, of hangende 'n ooreenkoms tussen die munisipaliteit en die ontvanger van 'n hulptoelaag waarin bevredigende reëlings getref is vir die betaling van die uitstaande munisipale rekening.

#### **21. Bevoegdheid van die munisipaliteit om koste te verhaal**

- (1) Indien 'n bank enige betaling wat aan die munisipaliteit gemaak is, weier, mag die munisipaliteit by wyse van heffing alle verwante koste en enige administrasiegeld teen 'n rekening van die wanbetalende rekeninghouer verhaal en mag die verskaffing van dienste aan die perseel van so 'n rekeninghouer diskonnekeer of inkort.
- (2) Alle regskoste, insluitende prokureur en kliënt koste wat aangegaan is vir die verhaal van agterstallige bedrae en betaalbaar ingevolge die Landdroshewe Wet, 1944 (Wet No. 32 van 1944), moet teen die agterstallige rekening van die rekeninghouer gehef word.
- (3) Koste sal gehef word teen die munisipale rekening van die rekeninghouer kragtens die munisipaliteit se tariefvoorwaardes vir enige stappe wat gedoen word vir 'n aandrang om betaling aan 'n rekeninghouer of 'n aanmaning aan die rekeninghouer deur middel van telefoon, faks, elektroniese pos, brief of andersins dat betaling verskuldig en betaalbaar is.

## **22. Prima facie bewys**

'n Sertifikaat waarop die bedrag wat aan die munisipaliteit verskuldig en betaalbaar is, geteken deur die munisipale bestuurder of 'n behoorlik gemagtigde beampete van die munisipaliteit, is bloot deur die uitreiking daarvan *prima facie* bewys van die skuldelas van die persoon wat daarin genoem is.

## **23. Afskryf van slegte skulde, en volle en finale vereffening van 'n rekening**

- (1) Voordat die skuldinvorderingsprosedure in enige individuele geval gestaak word, moet die munisipale bestuurder—
  - (a) seker maak dat alle skuldinvorderingsmeganismes soos voorsien in artikel 11 redelikerwys benut is;
  - (b) 'n ouditfunksie in stand hou; en
  - (c) die redes vir die staak van die skuldinvorderingsprosedure, insluitende die koste van uitvoering en die nodige finansiële aanpassings, op rekord plaas.
- (2) Die munisipaliteit mag 'n aanbod vir volle en finale vereffening oorweeg, en moet, indien dit in die belang van die munisipaliteit is, skriftelik instem tot die aanvaarding van 'n kleiner bedrag as die volle en finale vereffening van die bedrag wat verskuldig en betaalbaar is.
- (3) Waar die presiese bedrag wat aan die munisipaliteit verskuldig en betaalbaar is nie ten volle betaal is nie, sal enige kleiner bedrag wat aan enige werknemer, behoudens die munisipale bestuurder of sy genomineerde, aangebied en aanvaar is, nie geag word as volle en finale vereffening van so 'n rekening nie.

## **24. Reg van toegang en inspeksie**

- (1) 'n Behoorlik gemagtigde verteenwoordiger van die munisipaliteit mag vir enige rede wat betrekking het op die implementering of toepassing van hierdie verordening te alle redelike tye of enige tyd tydens 'n noodgeval, 'n perseel binne, inligting aanvra en sodanige inspeksie as mag nodig blyk te wees, uitvoer, en mag vir die doeleindes van installering of herstel van enige meter of diensaansluiting ten opsigte van die diensnetwerk die verskaffing van enige diens diskonnekeer, staak of inkort.
- (2) Indien die munisipaliteit dit nodig ag dat werk gedoen moet word ten einde 'n beampete in staat te stel om 'n funksie verwys na in subartikel (1) behoorlik en effektiel uit te voer, mag die munisipaliteit—
  - (a) deur middel van skriftelike kennisgewing van 'n rekeninghouer vereis om op eie onkoste bepaalde werk binne 'n bepaalde tydperk te doen; of
  - (b) indien dit 'n noodgeval is, sonder vooraf kennisgewing en op die koste van die rekeninghouer sodanige werk doen of laat doen.
- (3) Indien die werk waarna verwys word in subartikel (2) verrig word vir die uitsluitlike doel om vas te stel of 'n oortreding van hierdie verordening begaan is en geen sodanige oortreding plaasgevind het nie, moet die munisipaliteit die koste daaraan verbonde dra tesame met die koste om die perseel tot sy vorige staat te herstel.

## **25. Magtiging en betekenis van bevele, kennisgewings en ander dokumente**

- (1) Enige bevel, kennisgewing of ander dokument wat deur die munisipaliteit gemagtig moet word, moet deur die munisipale bestuurder of 'n behoorlik gemagtigde beampete van die munisipaliteit geteken word, welke magtiging verleen is deur 'n besluit van die munisipaliteit of deur middel van 'n verordening of regulasie, en wanneer sodanige magtiging deur die munisipaliteit kragtens hierdie verordening uitgereik word, word dit geag behoorlik uitgereik te wees indien dit geteken is deur 'n beampete deur die munisipaliteit daartoe gemagtig.
- (2) Enige kennisgewing of ander dokument wat op 'n persoon beteken word deur 'n behoorlik gemagtigde beampete van die munisipaliteit kragtens hierdie verordeninge, word as beteken geag—
  - (a) wanneer dit persoonlik aan daardie persoon gelewer is;
  - (b) wanneer dit by daardie persoon se woonplek of sakeperseel binne die Republiek gelaat is by 'n persoon wat oënskynlik ouer as sesien jaar is;
  - (c) wanneer dit per geregistreerde of aangetekende pos na daardie persoon se laaste bekende woon- of sakeadres binne die Republiek versend is en 'n erkenning van so 'n versending van die posdienste verkry;
  - (d) indien so 'n persoon se adres binne die Republiek onbekend is, wanneer dit op daardie persoon se agent of verteenwoordiger binne die Republiek beteken is op die wyse soos voorsien in paragrafe (a),(b) of (c);
  - (e) indien daardie persoon se adres en agent of verteenwoordiger binne die Republiek onbekend is, wanneer dit op 'n opsigtelike plek op die eiendom of perseel waarop dit betrekking het, geplaas is;
  - (f) in die geval van 'n beheerliggaam, wanneer dit by die geregistreerde kantoor of die sakeperseel van so 'n beheerliggaam aan 'n persoon oënskynlik ouer as 16 jaar gelewer is;

- (g) wanneer dit, op versoek van 'n persoon, aan daardie persoon se elektroniese posadres gelewer is.
- (3) Wanneer enige kennisgewing of enige dokument op die eienaar, 'n rekeninghouer of die houer van enige perseel of reg op enige eiendom, beteken moet word, is dit voldoende indien daardie persoon in die kennisgewing of ander dokument as die eienaar, rekeninghouer of houer van die betrokke eiendom of reg, omskryf word, en is dit nie nodig om daardie persoon te benoem nie.
- (4) Betekenis van 'n afskrif word geag die betekenis van die oorspronklike te wees.
- (5) Enige regsgesproses is effekief en regsgeldig op die munisipaliteit beteken wanneer dit aan die munisipale bestuurder of 'n persoon aan diens in die munisipale bestuurder se kantoor, gelewer is.

## ***HOOFSTUK 4***

### ***ALGEMENE VOORWAARDES***

#### **26. Reg tot appèl**

- (1) 'n Persoon wie se regte beïnvloed word deur 'n besluit van 'n munisipale beamppte mag appèl aanteken teen daardie besluit, deur 'n skriftelike kennisgewing aan die munisipale bestuurder te rig van die appèl en die redes daarvoor binne 21 dae vanaf die datum van bekendmaking van die besluit.
- (2) Die munisipale bestuurder moet die appèl aan die toepaslike appèlgesag soos uiteengesit in subartikel (4) voorlê.
- (3) Die appèlgesag moet die appèl oorweeg en die besluit bekratig, wysig of herroep, maar geen so 'n wysiging of herroeping of besluit mag afbreuk doen aan enige regte wat voortspruit as gevolg van die besluit nie.
- (4) Wanneer die appèl ingebring is teen 'n besluit geneem deur—
  - (a) 'n personeellid uitgesonderd die munisipale bestuurder, is die munisipale bestuurder die appèlgesag;
  - (b) die munisipale bestuurder, is die Uitvoerende Burgemeester die appèlgesag; of
  - (c) 'n politieke struktuur of politieke ampsdraer of 'n raadslid, is 'n komitee van raadslede wat nie by die besluit betrokke is nie en deur die Raad vir hierdie doel aangestel is, die appèlgesag.
- (5) 'n Appèlgesag moet binne ses weke met die appèl begin en binne 'n redelike tydperk daaroor 'n besluit neem.

#### **27. Misdrywe en boetes**

'n Persoon is skuldig aan 'n misdryf en by skuldigbevinding strafbaar met 'n tydperk van nie meer nie as ses maande gemeenskapsdiens, of 'n boete, of 'n kombinasie van voornoemde, indien hy of sy—

- (a) versuim om toegang te verleen aan 'n beamppte kragtens artikel 24;
- (b) 'n beamppte verhinder of belemmer in die uitoefening van sy of haar magte of die uitvoer van funksies of pligte kragtens hierdie verordening;
- (c) met die munisipaliteit se toerusting wat verskaf is vir die voorsiening van dienste inmeng of dit gebruik;
- (d) versuim of weier om sodanige inligting te verskaf as wat die munisipaliteit of die beamppte redelikerwys mag versoek ten einde die magte of funksies kragtens hierdie verordening uit te kan voer, of valse of misleidende inligting aan die munisipaliteit of die beamppte verskaf welwetende dat die inligting vals of misleidend is;
- (e) versuim om te voldoen aan die voorwaardes van 'n kennisgewing wat op hom of haar beteken is kragtens hierdie verordening; of
- (f) peuter met, of enige seël op 'n meter of enige toerusting wat aan die munisipaliteit behoort, breek, of vir enige rede bepaal deur die munisipale bestuurder veroorsaak dat 'n meter nie die dienste behoorlik registreer nie, en die persoon sal verder aangekla word vir die gebruik van water of elektrisiteit, soos die geval mag wees.

#### **28. Teenstrydige verordeninge**

Indien daar enige konflik bestaan tussen hierdie verordening en enige ander verordening van die munisipaliteit, bly hierdie verordening van krag.

#### **29. Korttitel en inwerkingtredie**

Hierdie verordening heet die Breede Vallei Munisipaliteit Klantesorg- en Inkomstebestuur Verordening, 2005, en tree in werking op die datum van publikasie daarvan in die Provinciale Koerant.

A.A. PAULSE

MUNISIPALE BESTUURDER

(KENNISGEWING NR. 29/2006)

**NB!! ENGELSE WEERGAWE HET REEDS OP DIE 20STE JANUARIE 2006 VERSKYN IN DIE PROVINSIALE KOERANT 6338.**

**WESTERN CAPE GAMBLING AND RACING BOARD****NOTICE**

In terms of the provisions of section 32(2) of the Western Cape Gambling and Racing Law, 1996 (Law 4 of 1996) ("the Law"), as amended, the Western Cape Gambling and Racing Board hereby gives notice that an application for a totalisator premises licence, as provided for in sections 27(j) and 54 of the Law, has been received:

Name of applicant: Western Province Racing Club

Persons having a financial interest of 5% or more in the applicant: Club Members (100%)

Address: Shops 1, 2 and 3 at the Gallery,  
c/o Koeberg Road and Montague Drive,  
Milnerton 7435

Erf Number: 23226

All persons have the opportunity to object to or comment on the above application. Where objections are lodged, the grounds on which such objections are founded, must be furnished. Where comment is furnished, full particulars and facts to substantiate such comment must be provided. The name, address and telephone number of the person submitting the objection or offering comment must also be provided. Comments or objections must reach the Board no later than **16:00 on 18 April 2006**.

Objections or comments can be sent to the Chief Executive Officer, Western Cape Gambling and Racing Board, P.O. Box 8175, Roggebaai 8012, or handed to the Chief Executive Officer, Western Cape Gambling and Racing Board, Seafare House, 68 Oranje Street, Gardens 8001. Fax 021 422 2602.

33153

**WES-KAAPSE RAAD OP DOBBELARY EN WEDRENNE****KENNISGEWING**

Kragtens die bepalings van artikel 32(2) van die Wes-Kaapse Wet op Dobbelaary en Wedrenne, 1996 (Wet 4 van 1996) ("die Wet"), soos gewysig, gee die Wes-Kaapse Raad op Dobbelaary en Wedrenne hiermee kennis dat die volgende aansoek om 'n totalisatorperseel-lisensie, soos beoog in artikels 27(j) en 54 van die Wet, ontvang is:

Naam van aansoeker: Westelike Provinsie Wedren klub

Persone met 'n geldelike belang van 5% of meer in die aansoeker: Klublede (100%)

Adres: Winkels 1, 2 en 3 by die Galery, h/v Koebergweg en Montaguëlaan, Milnerton 7435

Erfnommer: 23226

Alle persone kry die geleentheid om beswaar teen of kommentaar ten opsigte van bogemelde aansoek aan te teken. In geval van besware moet die gronde waarop sodanige beswaar gebaseer is, verskaf word. Waar kommentaar verstrek word, moet volle besonderhede en feite om sodanige kommentaar te staaf, verskaf word. Die naam, adres en telefoonnummer van die persoon wat beswaar wil maak of kommentaar wil lewer, moet ook verskaf word. Kommentaar of besware moet die Raad nie later nie as **16:00 op 18 April 2006** bereik.

Besware of kommentaar moet gestuur word aan die Hoof- Uitvoerende Beampete, Wes-Kaapse Raad op Dobbelaary en Wedrenne, Posbus 8175, Roggebaai 8012, of ingehandig word by die die Hoof- Uitvoerende Beampete, Wes-Kaapse Raad op Dobbelaary en Wedrenne, Seafare Huis, Oranjestraat 68, Tuine 8001. Faks 021 422 2602.

33153

## The “Provincial Gazette” of the Western Cape

appears every Friday, or if that day is a public holiday, on the last preceding working day.

### *Subscription Rates*

R112,25 per annum, throughout the Republic of South Africa.

R112,25 + postage per annum, Foreign Countries.

Subscriptions are payable in advance.

*Single copies* are obtainable at Room 9-06, Provincial Building, 4 Dorp Street, Cape Town 8001, at R3,00 per copy.

### *Advertisement Tariff*

First insertion, R15,85 per cm, double column.

Fractions of cm are reckoned as a cm.

Notices must reach the Director-General not later than 10:00 on the last working day but one before the issue of the *Gazette*.

Whilst every effort will be made to ensure that notices are published as submitted and on the date desired, the Administration does not accept responsibility for errors, omissions, late publications or failure to publish.

All correspondence must be addressed to the Director-General, P.O. Box 659, Cape Town 8000, and cheques, bank drafts, postal orders and money orders must be made payable to the Provincial Administration Western Cape.

## Die “Provinsiale Koerant” van die Wes-Kaap

verskyn elke Vrydag of, as die dag 'n openbare vakansiedag is, op die laaste vorige werkdag.

### *Tarief van Intekengeld*

R112,25 per jaar, in die Republiek van Suid-Afrika.

R112,25 + posgeld per jaar, Buiteland.

Intekengeld moet vooruitbetaal word.

*Los eksemplare* is verkrybaar by Kamer 9-06, Provinsiale-gebou, Dorpstraat 4, Kaapstad 8001, teen R3,00 per eksemplaar.

### *Advertensietarief*

Eerste plasing, R15,85 per cm, dubbelkolom.

Gedeeltes van 'n cm word as een cm beskou.

Kennisgewings moet die Direkteur-generaal uiterlik om 10:00 op die voorlaaste werkdag voor die uitgawe van die *Koerant* bereik.

Hoewel alle pogings aangewend sal word om te sorg dat kennisgewings soos ingedien en op die verlange datum gepubliseer word, aanvaar die Administrasie nie verantwoordelikheid vir foute, weglatings, laat publikasies of versuim om dit te publiseer nie.

Alle briefwisseling moet aan die Direkteur-generaal, Posbus 659, Kaapstad 8000, gerig word en tjeks, bankwissels, posorders en poswissels moet aan die Provinsiale Administrasie Wes-Kaap.

**CONTENTS—(Continued)**

Page

Hessequa Municipality: Consolidation and subdivision.....	618
Knysna Municipality: Subdivision.....	619
Mossel Bay Municipality: Rezoning and departure .....	619
Mossel Bay Municipality: Rezoning, alienation, consolidation and subdivision.....	620
Overstrand Municipality: Subdivision .....	620
Overstrand Municipality: Subdivision .....	621
Saldanha Bay Municipality: Subdivision.....	621
Saldanha Bay Municipality: Rezoning .....	622
Saldanha Bay Municipality: Rezoning .....	622
Saldanha Bay Municipality: Consent use .....	622
Western Cape Gambling and Racing Board: Notice .....	638

**INHOUD—(Vervolg)**

Bladsy

Hessequa Munisipaliteit: Konsolidasie en onderverdeling.....	618
Knysna Munisipaliteit: Onderverdeling .....	619
Mosselbaai Munisipaliteit: Hersonering en afwyking .....	619
Mosselbaai Munisipaliteit: Hersonering, vervreemding, konsoli- dasie en onderverdeling.....	620
Overstrand Munisipaliteit: Onderverdeling .....	620
Overstrand Munisipaliteit: Onderverdeling .....	621
Saldanhabaai Munisipaliteit: Onderverdeling.....	621
Saldanhabaai Munisipaliteit: Hersonering .....	622
Saldanhabaai Munisipaliteit: Vergunningsgebruik.....	622
Wes-Kaapse Raad op Dobbelaary en Wedrenne: Kennisgiving ....	638